**Skriflesing:** 1 Kor 15:12-28
**Tema:** Jesus leef, en ons met Hom!

Ek het Vrydag se diens met volgende woorde van Jaco Thom afgesluit: "Hulle rol die groot plat klip voor die grafopening in, en ons staan almal daar met die wete dat 'n wonderlike era verby is. Dis finaal: Jesus is begrawe. Hy is dood."
Hoe sou ons lewens gelyk het as die evangelie op Goeie Vrydag, die dag waarop Christus gekruisig is en gesterf het, geeïndig het?

As Christus nog dood was, was Paulus hulle se prediking 'n klomp leuens. Dan het hulle ook 'n klomp leuens oor God vertel want hulle het getuig dat Hy Christus uit dood lewend gemaak het. Die opstanding is bewys dat die straf op ons sonde betaal is. Indien Christus nie opgestaan het nie, is ons geloof leeg en waardeloos. Dan was alle Christene steeds verlore en die dood ons finale einde.
Sonder 'n leë graf sou die kruis niks beteken het nie.
Die opstanding is die oopbreek van die lewe en van die allesomvattende heerskappy van God. Dit is die hart van die evangelie.
Ons geloof staan en val by Jesus Christus en sy opstanding.
As Christus nie opgestaan het nie, is al ons opoffering en diens, is ook hierdie erediens 'n mors van tyd. Ons sou as kerk met ons godsdiens en al die bejammerenswaardigste van alle mense gewees het, want ons sou 'n leuen geleef het.

**Maar Christus het opgestaan!**
Wat beteken sy opstanding vir ons? Die Heidelbergse Kategismus Sondag 17; Vraag 45 vra dieselfde vraag en antwoord soos volg:

**1. Sy opstanding beteken dat Hy my saak met God reggemaak het.**
Ek en jy was in 'n hofsaak voor God, die Regter. Ons is skuldig bevind aan sonde. Die straf op sonde is die dood. Maar God het ons so liefgehad dat Hy ons uit die beskuldigdebank gehaal het en sy Seun in ons plek geplaas het. Jesus Christus is veroordeel en het ons plek gesterf en opgestaan en so ons verhouding met God herstel. Ons staan nou in 'n nuwe intieme verhouding met God.

**2. In Sy krag word ons tot nuwe lewe opgewek.**
Van Adam, die eerste mens erf ons sonde en dit lei tot die dood.
Christus is die eersteling wat opgestaan het. Hy het ons sonde en dood oorwin. Saam met Hom staan ons as sy kinders op en ons lewe!
Daarom jubel ons: "Jesus leef en ons met Hom!" en gaan leef ons vandag al die nuwe ewige lewe van oorvloed waarmee Hy ons bederf!

**3. Sy opstandig is waarborg dat ons die ewige lewe het.**
Paulus sê in 1 Korintiërs 15:19 dat as Christenskap net iets beteken terwyl ons nog hier op aarde is en daar is nie ‘n lewe hierna nie, dan is ons ‘n hooplose spul mense vir wie ander net jammer kan voel.
In Paulus se tyd het bekering tot Christen-wees, beteken dat jy vervolg word en selfs kon sterf. Familie en vriende het jou verwerp. Jy het armoede gely.
In mense terme was dit op aarde beslis nie voordelig om ‘n Christen te wees nie. Dit het jou saak in die samelewing benadeel. Christene het baie dinge “verloor” ter wille van geloof.
Ons ly nie so baie vir die Here soos die Christene in Paulus se tyd nie. Maar Christenwees kos ons steeds iets. Ons kan nie saam met die sondestroom dryf nie. Ons moet standpunt inneem en dit maak ons soms ongewild.
As Christus nie opgestaan het nie, het ons dieselfde ewige dood as die van die ongelowiges gesterf. As Christus nie opgestaan het nie, kon ons maar leef soos mense wat God nie dien nie. Ons kon eet en drink en alles doen wat ons sondige natuur wil, want môre sterf ons vir ewig.

Maar Christus het opgestaan! Die graf is leeg!
Christus is die eersteling, die voorloper van die oes. Die volle oes, ons as sy kinders, sal Hom volg in sy opstanding. Met Hom sal ek en jy opstaan.
Sy opstanding het nie net betekenis vir hierdie lewe nie, dit het vir ewig betekenis.

Dit lyk asof die wêreld buite beheer geraak het. Maar wanneer Christus weer kom, sal Hy alles aan Hom onderwerp – elke mag, krag en gesag. Voor Hy Homself aan God onderwerp, word die laaste vyand, die dood, doodmaak. En dan sal God weer, soos in die begin, absolute Koning oor alles en almal wees. Die nuwe hemel en aarde sal volmaak wees soos God alles in die begin geskep het om te wees.

Ons, wat aan Hom behoort, sal opstaan met verheerlikte liggame soos syne en saam met Hom heers.

Christus se opstanding is vir elkeen van ons as Sy kinders die begin van die lewe wat nooit sal ophou nie.
Maak dit jou eie. Gaan leef dit sodat die wêreld kan sien, Jesus leef en ons met Hom!

Gaan jubel in die woorde van Lied 525:2 sodat die wêreld kan hoor:
“Ook in sterwensmarte weet ons in ons harte: Ons Verlosser leef!
En die liggaam, sterflik, sal U onverderflik eenmaal laat herleef.
Laaste vyand, aardse dood, hoe ons soms vir jou ook bewe - Christus is ons lewe!”
Amen